
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE LIEFDE VAN GOD

Ons gaan na die LIEFDE VAN GOD kyk en my gebed is dat Hy jou baie nuwe insiggewende en bemoedigende insigte gaan gee d.m.v. hierdie lering.

God het nie net liefde nie, maar HY IS LIEFDE.

Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.

Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons sò lief gehad het, behoort ons ook mekaar te hê. Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het. Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom (1 Joh. 4:8-16).

Kom ons let op 9 aspekte van die Liefde van God.

1. GOD SE LIEFDE KAN NIE BEINVLOED WORD NIE.

God se hele natuur is liefde. God se hart is liefde. Daar is geen kwaliteite of eienskappe wat God se liefde kan aantrek na die voorwerpe wat Hy liefhet nie.

Dis 'n belangrike stelling – lees dit weer, asb. Want ons is tog Sy skepping en het weens sonde eintlik afstootlik geword vir Sy Heiligheid. Hy het ons lief om Homself: OMDAT HY LIEFDE IS.

Wanneer ons 'n ander persoon liefhet is dit gewoonlik omdat ons iets aantrekliks in hom vind; hy vind byval by ons. Maar ons het niks om by God mee byval te vind nie. Tog KIES Hy om ons lief te hê: dis Sy soewereine wil, tenspyte van wat die mens is of gedoen het. Soos vir Israel van ouds, sê Hy vandag nog vir die mens: **Die Here het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke (Deut. 7:7).**

God het ons van ewigheid af lief daarom kan niks aan 'n persoon die oorsaak wees van wat in God was van die Begin af nie. **Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde.... (Jer. 31:3).**

Hy het ons liefgehad toe ons nog teenoor Hom vyandig gesind was, en sò het Hy reeds Sy eie gebed nagekom wat lui dat ons ons vyande moet lief hê.

... maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8-10).

Ons het God lief OMDAT HY ONS EERSTE LIEFGEHAD het **(1 Joh. 4:19).** Hierdie eienskap van God, nl. Sy Liefde, is een van Sy oodraaglike eienskappe aan SY Kinders, nl. hulle wat

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Liefde van God….)

weergebore en Geesvervuld is. Nie al God se eienskappe is oordraaglik nie. Hy is bv. Alomteenwoordig, alwetend en almagtig: sò kan Sy Kinders nie wees nie. Maar Sy Kinders besit wel Sy Liefde. Dis die *agapè* liefde, Goddelike liefde, die Godsoortige liefde. Daarom kan die gelowige ook KIES om lief te hê, en hoef nie te wag vir iets in sy medemens om by hom byval te vind voordat hy hom kan liefhê nie.

2. GOD SE LIEFDE IS EWIG

Kyk weer na **Jer. 31:3: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde…..**

As God ons kon liefhê toe ons nog sondaars was, vyande van die Kruis, kan ons verseker wees dat Hy sal aanhou om ons lief te hê. God is EWIG daarom is Sy LIEFDE EWIG. Wanneer jy dit besef dan twyfel jy nooit aan God se Liefde vir jou nie. Dan, wanneer 'n krisis kom, dink jy nie dat God jou nie meer liefhet en Sy Liefde van jou af onttrek is nie. Sy Liefde is dan EWIG! 'n Vader en 'n moeder onttrek nie hulle liefde van hulle stout kind af nie, en God se Vaderliefde vir ons is tog soveel GROTER as die van 'n aardse ouer vir sy kind. Die omgang tussen die ouer en die kind is wel versteur, maar die verhouding is nie verbreek nie. God is EWIG daarom is Sy LIEFDE EWIG!

3. GOD SE LIEFDE IS NIE 'N EMOSIE NIE.

Dis by hierdie aspek waar die meeste mense baie verwar raak oor liefde. Ons het slegs 'n konsep van menslike liefde wat verander met gevoelens en omstandighede. God se Liefde is 'n KEUSE VAN SY WIL: HY KIES om lief te hê en daarom verander Sy Liefde nie.

In die Bybel lees ons van drie verskillende soorte liefde, nl. broederliefde (Grieks: fileo), vleeslike liefde (Grieks: eros – dis fisiese aantreklikheid wat Satan nou weer pervert het sodat dit SEKS beklemtoon en die wêreld se standaard vir aanvaarbaarheid geword het) en Goddelike liefde (Grieks: agapè). Agape soek altyd die welsyn en voordele van ander: dit GEE altyd.

Want sò lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy Eniggebore Seun GEGEE het…. (Joh. 3:16).

Die mens se liefde is op 'n emosionele vlak, maar op onstabiele emosies kan jy nie 'n verhouding bou nie – gevoelens is misleidend.

God se Liefde is nie op en af nie: Hy het Sy Liefde met Sy dade bevestig. Ons was sondaars wat die hel verdien het. God het GEKIES om ons lief te hê. En dit het nie gebeur omdat Hy een oggend goed gevoel het en gesê het: "Ek voel lus om daardie arme klomp sondaars te red nie." Nee, Hy het GEKIES om ons van ewigheid tot ewigheid lief te hê.

4. GOD SE LIEFDE IS HEILIG

Sy liefde is nie slap en na willekeur nie, dis standvastig en regverdig.

5. GOD SE LIEFDE KAN NET DEUR DIE INNERLIKE VAN DIE MENS BEGRYP WORD.

… dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat hulle vervul kan word tot al die volheid van God (Ef.3:16-19).

Vers 16 praat van die "innerlike mens" en **vers 17** sê: ….**julle wat in die LIEFDE gewortel en gegrond is. Vers 18 en 19: en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges (wedergebore, Geesvervulde Kinders van God) TEN VOLLE TE BEGRYP wat die BREEDTE en LENGTE en DIEPTE en HOOGTE is, en die LIEFDE van Christus TE KEN wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die VOLHEID VAN GOD.**

Die Kind van God is dus geplant in hierdie liefde wat alle kop kennis oortref, en jy kan dus die volle dimensie van hierdie LIEFDE BEGRYP: die breedte, lengte, diepte en hoogte daarvan.

Wanneer jy volgens hierdie liefde optree en wandel, beweeg jy in die VOLHEID van die geestelike realme. So bring jy die Liefde van God in jou omstandighede in. As jy nie in hierdie liefde lewe nie, begryp jy nie die Liefde van God nie. Jy mag 'n paar Skriftekste ken, maar jy BEGRYP hierdie Goddelike Liefde wanneer jy dit in die praktyk toe pas.

6. GOD SE LIEFDE IS PERFEK.

Ons het in Ef. 3:18 (hierbo) gelees van die begrip wat God se Kind kan hê van die breedte,

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Liefde van God…)

lengte, diepte en hoogte van Sy Liefde. As ons die diepte en hoogte as een sy van 'n blokkie (kubus) kan neem, vind ons die ander twee sye is die lengte en breedte. Vir die Hebreeuse denkwyse simboliseer die eweredigheid van die kubus VOLMAAKTHEID (perfektheid, volkomenheid). So sien ons dat in Moses se tabernakel die Aller Heiligste 'n kubieke maat gehad het (el). In Salomo se tempel was dit ook die geval, maar net groter. Kyk na die mate van die Hemelse Stad van **Openb. 21:16**.

God se liefde besit so 'n VOLMAAKTHEID.

7. DIE KRUIS IS DIE HOOGSTE UITDRUKKING VAN GOD SE LIEFDE

Die omstandighede van Jesus Christus se dood illustreer vir ons die breedte, lengte, diepte en hoogte van God se Liefde.

A. OPSKRIF BOKANT DIE KRUIS:

En daar was ook 'n opskrif bokant Hom geskrywe in Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters: HY IS DIE KONING VAN DIE JODE (Luk. 23:38).

Hebreeus was die godsdienstige taal van daardie tyd, Grieks die kulturele taal en Latyn die taal van die gereg. Die drie tale was nie net simbolies van die hele spektrum van die samelewing nie, maar van die ganse aarde, en almal was saamgevat op die Kruis. Die ganse mensdom was hier ingesluit: Die BREEDTE van die Liefde van God.

B. CHRISTUS SE UITROEP.

…..en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtani? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matt. 27:46)

Hier het God Sy Seun verlaat. Dit is die LENGTE waartoe die Liefde van God gegaan het om die mens te red. Sy Seun het sonde vir ons geword, en die ewige straf in ons plek gedra.

Kan jy sien hoe dwaas dit is om te redeneer dat God ons oordeel vir ons sondes wanneer ellende ons oorval?! Jesus was klaar geoordeel aan die Kruis vir ons sonde van gister, vandag en môre.

… en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde (1 Joh. 1:7).

C. TUSSEN TWEE KWAADDOENERS:

En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners een aan die regter – en een aan die linkerkant (Luk. 23:33).

En Jesus antwoord hom. **Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees (Luk. 24:43).** Die DIEPTE van God se Liefde reik tot by die dief, die modenaar…..

Die HOOGTE van God se Liefde lig die sterwende oortreder tot in die Paradys. Die uitgeworpene wat die mens verwerp, is vir God steeds kosbaar.

Ek het 'n Engelse uitdrukking gehoor wat lui: "It takes us from the guttermost (slootdieptes) to the uttermost (die hoogste hoogtes)" Dis presies wat God se Liefde vir die mens doen.

Christus Jesus aan die Kruis is die manifestasie van God se Liefde: dis die sentrale openbaring van die Liefde van God.

(As jy nog nie ons boekie DIE NAGMAAL EN GENESING gelees het nie, kan jy gerus dadelik vir jou 'n kopie bestel. Dit sal vir jou 'n insig gee van wat Jesus aan die Kruis gely het en hoe jy daardeur kan LEWE)

D. GOD VERLANG (EIS) DAT ONS IN HIERDIE LIEFDE MOET WANDEL.

Ons weet dat volgens Matt. 22 is die EERSTE en TWEEDE GEBOD van God: LIEFDE. Maar Hy gee nooit vir ons 'n opdrag wat Hy nie reeds uitgevoer het nie. In **Ef. 5:1 en 2** word ons soos volg beveel:

Wees dan NAVOLGERS van God soos geliefde kinders, en WANDEL IN LIEFDE, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

Liefde moet vir God se Kinders 'n lewenswyse wees, soos dit vir Christus was (ons moet Sy navolgers wees).

'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê, soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê (Joh. 13:34).

Lees ook **Joh. 17:24-26.**

Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy was 'n ander liefhet, het die wet vervul (Rom. 13:8). Die Here het gesê dat Hy ons 'n NUWE gebod gegee het. Wat was NUUT daaraan? Jesus Christus het met Sy lewe en sterwe dit aan ons

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - God se Woord….)

gedemonstreer, m.a.w. Hy het vir ons gewys HOE ons moet lief hê. Ons moet Sy navolgers wees.

Hoe het Hy liefgehad? Hy het diegene liefgehad wat nie Sy Liefde waardig was nie, sy vyande: Hy het tot vir hulle gesterf. Hy het ander se laste gedra. Nou sal jy miskien sê dat jy nie God is nie – hoe kan jy dan so liefhê.

Kom ek wys vir jou twee interessant tekste.

Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien deur die kennis van Hom…. Sodat julle daardeur DEELGENOTE kan word van die goddelike natuur… (2 Pet. 1: 3-4).

As Kinders van God het ons DEELGENOTE geword van Sy Goddelike Natuur, en Sy Natuur is Liefde. ONS KAN DUS LIEF Hê SOOS HY LIEFHET.

Omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is (Rom. 5:5).

As Kinders van God (wedergebore en Geesvervuld) is GOD SE LIEFDE UITGESTORT IN ONS HARTE. Is jy Geesvervuld? Dan vloei God se Liefde in jou hart, en nooit kan jy sê jy kan nie iemand lief hê nie. (Dis mos die MODE in vandag se huwelike!)

Jesus Christus het GEKIES om Sy Liefde aan die Kruis te demonstreer. As Kinders van God moet ons Sy navolgers wees en KIES om lief te hê – emosies is 'n bonus!

Agapè liefde faal nooit. Soos God se Liefde in 'n situasie en in 'n ander persoon se lewe in gebring word, word verandering bewerk. NIKS IS VIR GOD ONMOONTLIK NIE ! Jy mag miskien uitroep: "Ek het al twee, drie – maal probeer, en nog niks vermag nie!" Wanneer jy liefde saai, kom die oes nie dadelik nie – so is dit ook in die natuur. Miskien gaan jy eers later die oes insamel, MAAR DAAR GAAN 'N OES WEES! Hoeveel mense verwerp nie vir baie jare God se liefde nie, en dan skielik op 'n dag oorweldig dit hulle.

Geloof en liefde gaan hand-aan-hand. Jou liefdesdaad is 'n geloofsdaad. Jy stel jou geloof vry as jy liefde demonstreer. Liefde is nie WOORDE nie, maar wel OPTREDE. Kyk na Skrifte soos **Luk. 6:36-38; 2 Kor. 9:6-11, Gal. 6:7-8.**

E. LIEFDE VERDRYF DIE DUIWEL.

En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom. Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag, want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie, maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4: 16-19).

Goddelike Liefde verdryf vrees omdat dit volmaak is. Omdat liefde die teenoorgestelde is van Satan se karakter, vlug hy daarvoor weg. Satan bring vrees, maar hy vlug as jy God se Liefde in omstandighede inbring. Om in liefdeloosheid op te tree, is om met die duiwel saam te werk, maar om lief te hê is om met God saam te werk. As jy volhou om te haat verbitter en hardkoppig en vol rebellie te wees, is jy net soos die duiwel en hy voel tuis by jou. Wanneer jy soos 'n navolger van God in liefde optree, verdryf jy die duiwel.

Onthou KIES om lief te hê en TREE OP. Vra God HOE jy liefde in 'n saak kan demonstreer – Hy sal vir jou wysheid gee.

Ek vertrou dat hierdie lering oor die LIEFDE VAN GOD jou sal help om eerstens NOOIT WEER aan Sy Liefde vir jou te twyfel nie, en tweedens, jou aangemoedig het om voortdurend IN LIEFDE teenoor jou medemens te lewe, of jy nou daarna voel of nie! Ek sluit af met 'n uitstekende belydenis oor LIEFDE. Jy kan dit dikwels vir jouself, vir God en die duiwel, herhaal en GLO dit met jou hart. Anders is dit 'n ydele herhaling van woorde wat niks bereik nie!

Ek is die tempel van God. Dit beteken dat ek 'n tempel van liefde is: 'n heilige gebou, 'n geestelike huis. Ek is die woonplek van God. Dit beteken dat ek 'n liefdehuis is: 'n houer van liefde. Liefde woon in my. Ek is 'n liefdeskind. Ek dien 'n God van Liefde.

Die liefde van God vloei ongehinderd deur my. Dit is Goddelike Liefde. Ek kan hierdie liefde nie wegsteek of keer nie, daarom vloei dit van my uit. Ek gaan in hierdie liefde van God waar ek ookal gaan en dit maak nie saak wat ander aan my doen of hoe liefdeloos hulle teenoor my is nie, ek KIES om hulle lief te hê en ek bevestig my keuse met my DADE. ●



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

Op die pad van geregtigheid is lewe, en die rigting van dié pad is onsterflikheid (Spr. 12: 28). God wil nie hê dat ons bekommerd moet wees oor wat ook al in die wêreld gebeur nie. Ons het nie nodig om beïnvloed te word deur wat ook al die wêreld laat vrees nie, want **ons is die geregtigheid van God in Christus (2 Kor. 5:21).** En die Bybel sê: **"Op die pad van geregtigheid is lewe, en die rigting van dié pad is onsterflikheid."**

Die patriarge van die Ou Testament het nie gely gedurende hongersnode wat in hul leeftye plaasgevind het nie. Abraham was altyd baie ryk met vee, silwer en goud **(Gen. 12:10, 13:1–2)**. Isak het honderdvoudig geoes in die land wat hy gesaai het **(Gen. 26:1, 12–14)**. Josef, met sy hele familie, is ryklik voor voorsien in Egipte **(Gen. 47:11–13, 27)**. Hulle is nie net gespaar van lyding nie – hulle het uitermate vooruit gegaan!

Dus, selfs as ons land of die wêreld 'n resessie binnegaan, het ons nie nodig om te ly nie. Solank ons ons oë op Jesus, ons geregtigheid hou sal ons floreer!

Dis waar bewys vir 'n lidmaat van 'n kerk wie se baas vir elkeen gesê het om 'n aansienlike vermindering in salaris te verwag gedurende 'n ekonomiese insinking. Terwyl haar kollegas se salarisse gesny is, het sy 'n aansienlike verhoging ontvang! As die geregtigheid van God in Christus, het sy voorsiening gesien in 'n tyd van gebrek.

Te midde van vreesbevange nuus soos terroriste aanvalle, dodelike peste en natuur rampe, sê God: **"Op die pad van geregtigheid is lewe, en die rigting van dié pad is onsterflikheid."** Inderdaad, Hy het 'n hele kusdorp in Suid-Indië beskerm gedurende die Asiatiese Tsunami in 2004.

'n Pastoor wat in daardie kusdorp gewoon het, het daardie oggend gebid toe hy deur die Heilige Gees gedrywe is om die Bloed van Jesus oor die hele dorp te pleit. Hy het dit gedoen. Toe die tsunami tref, was sy dorp ongeskonde terwyl vyf ander dorpe, wat verder in die binneland was, uitgewis is deur die vernietigende vloed.

Geliefde, God beskerm ons wanneer die wêreld bose dinge ondervind, omdat ons die geregtigheid van God in Christus is. Sy Woord verklaar dat **"Op die pad van geregtigheid is lewe, en die rigting van dié pad is onsterflikheid!"**

Jy hoef nie beïnvloed te word deur wat ook al vrees in die wêreld veroorsaak nie, omdat jy die geregtigheid is van God in Christus.

Mag die Here julle almal gedurende hierdie vakansie tyd seën. Ons gebed vir julle en jul families is dat die Here julle sal beskerm en aan julle die begeertes van jul hart sal gee.

Baie dankie vir jul wonderlike ondersteuning op elke gebied gedurende die afgelope jaar, ons waardeer julle liefde, aanmoediging en gebede geweldig! Dit is julle wat ons arms omhoog hou om aan te gaan met die verspreiding van die Woord, sodat siele gered en ingebring kan word in God se Koninkryk.

Meg en die Gebedspan

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667,
Kode: 220129

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

YOU SHALL BE MY WITNESSES

The Holy Spirit was poured out on all flesh as promised in **Joel 2:28 …. And it shall come to pass as promised in the last days that I shall pour out My Spirit upon all flesh.** We read the account of the Gift of the Holy Spirit being given to the world in Acts chapter two, beginning with verse one: **And when the day of Pentecost was fully come, they were all with one accord in one place. And suddenly there came a sound from heaven as of a rushing mighty wind, and it filled all the house where they were sitting. And there appeared unto them cloven tongues like as a fire, and it sat upon each of them. And they were all filled with the Holy Ghost, and began to speak with other tongues, as the Spirit gave them utterance (Acts 2:1-2).**

This was a once and for all time pouring out of the Holy Spirit. Just as Jesus died once, so the Holy Spirit was given once, and that is recorded in the above verses. People are continually being saved, praise the Lord for that, just as people are continually being filled with the Holy Spirit, but this is not because Jesus is continually being crucified or because the Holy Spirit is continually being poured out. These two major events took place only once and have been historically recorded. The effect they have on the lives of those who embrace them and their eternal benefits, is certainly ongoing, however the events themselves occurred just once.

The purpose of the Baptism of the Holy Spirit, as I have already said, is to equip the believer with power to be a witness for Jesus **(Acts 1:8)**. The world is full of lost people with many problems who need to know that Jesus saves, forgives, heals and provides for all our needs. The harvest is ripe and Jesus alone is the solution to every problem. The Body of Christ, His Church needs to be equipped with the available power of the Holy Spirit so that the Good News can be taken to all nations with boldness and in a demonstration of God's power.

Many of the present day churches fail to proclaim Jesus in His fullness as Saviour, Healer and Provider, largely due to their traditions and manmade doctrines. These have robbed the Church of its power and dynamic witness, but with the Gifts of the Holy Spirit in operation, the LIVING JESUS whom we serve, is seen in all His glory and compassion**,** and those who are seeking, are drawn by His love and come into the Kingdom of God.

In Luke 4:18-19, Jesus said: The Spirit of the Lord is upon Me, because He hath anointed Me to preach the gospel to the poor; He hath sent Me to heal the broken-hearted, to preach deliverance to the captives, and recovering of sight to the blind, to set at liberty them that are bruised, to preach the acceptable year of the Lord.

In Acts 1:8, Jesus said: Ye shall receive power, after that the Holy Ghost is come upon you and ye shall be witnesses unto Me both in Jerusalem, and in all Judea, and in Samaria, and unto the uttermost part of the earth.

In Mark 16:15 and 17 Jesus said: And He said unto them, Go ye into all the world, and preach the gospel to every creature. And these signs shall follow them that believe; In My name shall they cast out devils; they shall speak with new tongues.

The truth concerning the Baptism in the Holy Spirit, speaking in tongues, signs and wonders, and Jesus being the same yesterday, today and forever, upsets some people, because it rocks their comfortable theology and respectable life style. They prefer being spectators in *church, not wanting to become involved in soul winning!* Most traditional church goers do not want to be taken out of their comfort zone.

Pentecost is not a denomination or a sect, it is an experience with God. The Body of Christ is not restricted by man's regulations and doctrines , God is not a respecter of persons and He gave the Gift of His Holy Spirit for those who hunger and thirst for more of Him.

Satan, our enemy, will oppose this truth with all his might, just as he opposes the New Birth (salvation), and one of the ways in which he does this is by lulling church-goers into believing that *"this mighty Gift of God", is no longer for today. Then he "whispers" that it is not really necessary, reminding you that no one else in your family has ever been involved with it. He adds that it may just cause confusion in your church denomination.* This can be expected how-

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - You shall be my witnesses)

ever, because after Jesus was filled with the Holy Spirit **(Mark 1:10)**, He went into a synagogue in Capernaum and cast out an unclean spirit who called out "Let us alone!" Demons would rather remain undetected so that they can continue to retain their abode!! When the Gifts of the Holy Spirit are in operation, not only are the demons discerned (the gift of discerning of spirits), but they are then cast out in the Name of Jesus. No wonder the devil will try and discourage believers from receiving the infilling of the Holy Spirit, because it equips them for spiritual warfare and for setting the captives free!

Some believers are afraid of receiving the Baptism in the Holy Spirit as they don't want to upset anyone. They would rather remain "neutral" so as not to offend. Hear the Words of Jesus in **Revelation 3:15-16: I know thy works, that thou art neither cold nor hot: I would thou wert cold or hot. So then because thou art lukewarm, and neither cold nor hot, I will spue thee out of my mouth.**

Some feel that speaking in new tongues, signs and wonders, and the working of miracles seem all just too much, and could disrupt their "peaceful" church-life. It is very sad when a believer chooses not to want God's very best - His good Gift, as he does not realise the blessings he is missing here on Earth, to say nothing of the rewards that await him one day in Heaven!

A brother in Christ complained to me one day that the church attendance was dropping and that he was not receiving anything from the minister's messages anymore. During our conversation I asked him a few questions:

"Has anyone ever brought a message in tongues in your church?"

He replied: "No! Never! Many church-goers do not know that talking in tongues exists."

"What about the other gifts of the Holy Spirit – prophecy, a word of wisdom, or perhaps a miracle?"

"No, oh no! There is no opportunity for any such thing to take place in our church meetings."

"What do you mean?" "Well, our services follow a certain pattern Sunday after Sunday, and we know exactly when we must sit or stand and what hymns to sing and when the offering is going to be taken. There is no opportunity for anyone besides the minister to say anything. I don't think the Holy Spirit would get an opportunity!"

My heart went out to this man because I know that there are thousands like him across our country who have grown up in a church that has really become part of their life, but they do not know the Living Jesus and Holy Spirit because of the teaching they have received. Then when the Spirit of God begins to stir their hearts, He causes them to realise that there is much more to being a child of God than that which they have experienced thus far. These people just sit unmotivated, in a church that has become routine, comfortable and traditional. They see no other way of serving God.

But, praise the Lord! More and more people have had their thirst for a deeper walk with God increased to such a degree that they are searching and seeking, and praise God that He is readily to be found when we diligently seek for Him with all of our heart. Hear what God says in **John 7:37-19**: **…. if any man thirst, let him come unto Me, and drink. He that believeth on Me, as the scripture hath said, out of his belly shall flow rivers of living water. But this spoke He of the Spirit, which they that believe on Him should receive: for the Holy Ghost was not yet given; because that Jesus was not yet glorified.**

Revelation 21:6: ….. I will give unto him that is athirst of the fountain of the water of life freely.

Anyone who has not been baptised in the Holy Spirit is really spiritually poorer for it. Now please don't misunderstand me, he may be saved and will certainly go to heaven, he may be zealous in good works, and that is commendable, but he will only know the difference that being filled with the Holy Spirit makes, once he has experienced it! I always think of it in terms of seeing something in black and white all your life, and then seeing the same thing in colour!

The same Holy Spirit who caused Jesus to perform many miracles, and who raised Jesus from the dead, wants not only to give YOU the ability to witness for Jesus but to be used of God for His glory.

John 14:12: Verily, verily, I say unto you, He that believeth on Me, the works that I do shall he do also.

John 16:13-14: **He shall glorify Me: for He shall receive of mine and shall shew it unto**

(Continued on page 8)

(Continued from page 7 - You shall be my witnesses)

you. All things that the Father hath are Mine: therefore said I, that He shall take of Mine, and shall shew it unto you.

When we are filled with the Holy Spirit, *the Holy Spirit points us to Jesus.* This is the reason why Spirit-filled children of God speak and often preach differently. They have been shown the Biblical Jesus. They no longer see the Jesus of their denomination, Who has lost His power to save and deliver. They see the MIGHTY SON OF GOD WHO IS THE SAME, YESTERDAY, TODAY AND FOREVER **(Hebrews 13:8)**, THE KING OF KINGS WHO STILL SAVES, DELIVERS AND HEALS TODAY. The Holy Spirit never brings glory to Himself, but always points us to the Father and to Jesus. He testifies of Jesus. **But when the Comforter is come, whom I will send unto you from the Father, *even* the Spirit of truth, which proceedeth from the Father, He shall testify of Me (John 15:26).**

Then Jesus explains to His disciples that it is better for their sakes that He is going to the Father, so that the Holy Spirit can be sent to them, because He will be with them and indwell them. He will give them the boldness and power to be witnesses for Jesus and to do the works that He did. He would enable them to endure and persevere, because He would indwell them **(1 John 4:4)**. The Holy Spirit would equip them with supernatural spiritual gifts for the Body of Christ (the Church), according to **1 Corinthians 12**. That is why Jesus says in **John 16:7-8: Nevertheless I tell you the truth; It is expedient for you that I go away: for if I go not away, the Comforter will not come unto you; but if I depart, I will send Him unto you. And when He is come, He will reprove the world of sin, and of righteousness, and of judgment.**

Jesus brought the gospel to the poor, healing to the sick, bringing freedom to spiritual prisoners, deliverance to those whom Satan has bound. Jesus did it all by the power of the Holy Spirit. When the first disciples were baptised in the Holy Spirit, they could do the same as Jesus did, and Jesus intends the same for you as His present day disciple. The baptism in the Holy Spirit or the infilling of the Holy Spirit, is PART OF YOUR INHERITANCE as a child of God. You should desire to have all that your heavenly Father has provided for your life here on Earth as well as Eternal life.

If this is your desire, God waits to bless you. ●

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

HEF LOFLIEDERE OP TOT DIE HERE

Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is (Ef. 5:17). God wil hê dat ons soos wyse manne en vroue moet wandel, en **nie soos onwyse (dwase) nie (Ef. 5:15).** Wel, Hy sal ons nie sê om in wysheid te wandel sonder om ons te wys hoe nie. Daarom gaan Sy Woord aan deur te sê: "**Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is."**

Dus, wat is die wil van die God? Die volgende twee verse sê vir ons hoe om dit te identifiseer: **"Moenie dronk word van wyn nie — daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul. Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here " (Ef. 5:18–19).**

Soos jy jouself toelaat om deur die Gees vervul te word deur lofsange tot die Here te rig, sing of spreek (God weet sommige van ons kan nie sing nie!) psalms, liedere en geestelike sange, psalmsing in jou hart tot die Here, belowe God dat jy sal weet wat Sy wil vir jou situasie is. Jy sal dan die wysheid hê om wys te besluit wat om volgende te doen.

Ek het in my eie lewe gevind dat dit waar is. Elke keer wanneer ek 'n moeilike situasie ondervind en ek baie daaroor dink, raak ek al meer verward. Hoe meer ek my bes probeer om met 'n slim plan vorendag te kom, hoe verder ontwyk die antwoord my. Wanneer ek egter weg van my probleem na God draai, in die Gees sing en Hom prys en later daarna terug keer, kry ek 'n duideliker perspektief van die probleem. Ek kry ook 'n innerlike influistering om sekere besluite te neem wat aan die einde beter is as enigiets waarmee ek op my eie vorendag kon kom.

Daarom geliefde, hef lofliedere op tot die Here, in goeie en slegte tye. Wanneer jy jou mond met lofprysinge tot God vul sal Hy jou lei en die pad wys in al die aangeleenthede van jou lewe. Selfs wanneer jy met 'n probleem sit, sal Hy jou die weg wys of 'n uitkoms vir jou gee. Enige manier, sal jy die wysheid en hulp kry wat jy nodig het!